Datum: 9 November 2018

UITNODIGING VIR KOMMENTAAR OP DOKUMENTE EN BYWONING VAN OPENBARE VERGADERINGS

AANSOEK VIR UITSTEL VAN DIE MINIMUM EMISSIESTANDAARDE (MES) VIR ESKOM SE STEENKOOLKRAGSTASIES IN DIE MPUMALANGA-HOËVELDSTREEK EN VAALDRIEHOEK

Geagte Belanghebbende en Geaffekteerde Party

Eskom bedryf ’n vloot steenkool- en vloeibarebrandstofkragstasies dwarsoor Suid-Afrika. Die grootste deel van Eskom se kragopwekking is deur steenkoolkragstasies wat in die Mpumalanga-hoëveldstreek gekonsentreer is. ’n Kleiner deel van die vloot behels kern-, hidro-, oopsiklusgasturbine (OSGT)- en windgebaseerde laskragstasies elders in die land.

Die Minimum Emissiestandaarde (MES) van 2013, wat ingevolge die National Environmental Management: Air Quality Act, No 39 van 2004 (NEM: AQA) (soos gewysig by *Staatskoerant* 42013 van 31 Oktober 2018) gepubliseer is, vereis dat bestaande kragstasies teen 1 April 2015 aan emissieperke vir ‘bestaande aanlegte’ moet voldoen, en teen 1 April 2020 aan strenger emissieperke vir ‘nuwe aanlegte’. Die MES is op Eskom se vloot steenkool- en vloeibarebrandstofkragstasies van toepassing, en dit vereis voldoening aan die gepubliseerde emissieperke binne die voorgeskrewe wetlike tydraamwerk.

As gevolg van verskeie beperkings is dit vir baie van Eskom se kragstasies nie moontlik om binne die voorgeskrewe tydraamwerke aan die ‘nuwe aanleg’-perke van 2020 te voldoen nie, en in sommige gevalle ook nie aan die standaard vir bestaande aanlegte nie. Eskom is besig met die installering van emissieverminderingstoerusting (agternamontering) in ’n fasebenadering om emissies by sy kragstasies met die ergste besoedeling te verminder. In gevalle waar die kragstasies nie aan strenger perke sal kan voldoen nie, sal Eskom vir uitstel of opskorting aansoek doen of alternatiewe emissieperke aan die hand doen vir die verskillende emissiestandaarde waarvoor die MES voorsiening maak.

Die volgende kragstasies sal vir uitstel aansoek doen:

- Lethabo-kragstasie in die Vaaldriehoek;
- Majuba-, Camden-, Kriel-, Matla-, Kendal-, Duvha-, Arnot-, Hendrina- en Komati-kragstasie in die Mpumalanga-hoëveldstreek.

Neem asb kennis dat Grootvlei-kragstasie (Balfour), Acacia-kragstasie (Wes-Kaap) en Port Rex-kragstasie (Oos-Kaap) voortaan uitgesluit word van die huidige aansoek vir uitstel en deur afsonderlike aansoekprosesse hanteer sal word.

In ooreenstemming met die vereistes vir uitstelaansoeke sal Eskom ’n Atmosferiese Impakverslag (AIV), motivering en redes vir die aansoek vir die onderskeie kragstasies en ’n gekonsolideerde Openbare Deelname (OD)-verslag aan die Nasionale Luggehaltebeampte voorlê; hierdie dokumentasie moet aan ’n proses van openbare deelname onderwerp wees.

Naledzi Environmental Consultants Pty Ltd (NEC) is die onafhanklike omgewingskonsultasiegroep wat aangestel is om die aansoekdokumentasie op te stel en die proses van openbare deelname te behartig.

Ons is tans besig met die tweede ronde openbare betrokkenheid vir die aansoek, waar die aansoekdokumente, AIV's vir die onderskeie kragstasies en die OD-verslag vir openbare insae en kommentaar beskikbaar gestel word om menings en kommentaar op die aansoeke in te win. Hierdie brief dien as kennisgewing daarvan, en ons vestig u aandag op die volgende:

- Beskikbaarheid van die konsep-Motiveringsverslae, AIV's vir die onderskeie kragstasies en gekonsolideerde OD-verslag vir openbare insae en kommentaar
- Geskeduleerde openbare vergaderings gedurende die tydperk vir openbare insae
- Die pad vorentoe

KONSEP-MOTIVERINGSVERSLAG EN AIV BESKIKBAAR VIR OPENBARE INSAE EN KOMMENTAAR

Die Konsep-motiveringsverslae, AIV's en gekonsolideerde OD-verslag sal vir openbare insae en kommentaar beskikbaar gestel word vanaf **Maandag 19 November 2018 tot Woensdag 16 Januarie 2019**. Die verslae bevat die regverdiging vir die spesifieke kragstasie-aansoeke, insluitende die voorspelde impak van die onderskeie aansoeke op die omringende luggehalte.

Elektroniese weergawes van die verslae en kommentaarblaaie sal op die volgende webwerf beskikbaar wees: **http://www.naledzi.co.za/public-documents-naledzi.php**. Gedrukte eksemplare van hierdie dokumente sal ook op die volgende openbare plekke beskikbaar wees vir openbare insae en kommentaar:

Tabel 1: Lys van Openbare Biblioteke waar die konsepdokumente gesien kan word

Openbare Biblioteke	Adres	Kontak	Bibliotekaris
Vaaldriehoekstreek – Lethabo-kragstasie			
Sharpeville-biblioteek	H.v. Seeiso- en Zwanestraat, Sharpeville	016 451 2526	Joyce Ramagole
Sasolburg Openbare Biblioteek	John Vorsterweg, Sasolburg	016 973 8463	Patience Khunou
Zamdela Openbare Biblioteek	Erf 3246, Zamdela-gemeenskapsentrum	Geen Zamdela@sacr.fs.gov.za	Martha Mohapi
Refengkgotso-biblioteek (Ntai Mokoena-biblioteek)	Phomolongweg 2195, Refengkgotso	016 371 2312/4	
Vereeniging Openbare Biblioteek	h.v. Lesley- en Marklaan, Vereeniging	016 430 1724 079 885 9195	Phulani Lethoba
Vanderbijlpark Openbare Biblioteek	h.v. Frikkie Meyer- en Klasie Havengastraat, Vanderbijlpark	016 950 5251/3	Roy Olifant
Mpumalanga-hoëveld			
Camden-kragstasie			
Ermelo Openbare Biblioteek	h.v. Kerk- en Smutsstraat, Ermelo	017 801 3621	Chrisna Calitz
Thusiville Openbare Biblioteek	Wesselton-uitbreiding 2 (Naby Reggie Masuku High School, langs crèche)	072 382 2409	Thami Mrubata
Majuba-kragstasie			
Amersfoort	Breë- en Plainstraat, Amersfoort	017 753 1006 083 665 6189	Simangele Lukhele
Volksrust Openbare Biblioteek	h.v. Nelson Mandela- en Adelaidestraat, Volksrust	017 734 6109	Helen Ziers

Kriel- en Matla-kragstasie			
Kriel Openbare Biblioteek	Quentin- en Heinrichstraat, Kriel	017 648 6249	Rika Horn / Jeannette Soko
Duvha- en Kendal-kragstasie			
Emalahleni-hoofbiblioteek	h.v. Hofmeyerstraat en Elizabethlaan, Emalahleni	013 690 6232	Nelly Mashiame
Middelburg Openbare Biblioteek (Gerald Sekoto Openbare Biblioteek)	Wandererslaan, Middelburg	013 249 7314	Patrick Molemane
Ogies Openbare Biblioteek	Hoofweg, Ogies	013 643 1027	Priscilla Sekgobela
Hendrina-, Arnot- en Komati-kragstasie			
Hendrina Openbare Biblioteek	Kerkstraat 44, Hendrina	013 249 7247	Busisiwe Sibanyoni
Pullen's Hope-biblioteek	Kiaatstraat, Pullen's Hope	013 296 1300	Sbusiso Nkosi
Rietkuil Openbare Biblioteek	Marulastraat, Rietkuil, Arnot	013 249 7803	

B&GP's kan op die konsepdokumente kommentaar lewer deur die kommentaarblad in te vul (beskikbaar op bogenoemde webwerf of by bogenoemde plekke), 'n brief te skryf, 'n e-pos te stuur of die aangestelde onafhanklike omgewingskonsultant te kontak by die kontakbesonderhede hier onder. B&GP's moet hulle kommentaar saam met hulle naam en kontakbesonderhede voor of op 16 Januarie 2019 indien by die kontakpersoon hieronder aangedui. B&GP's kan kommentaar lewer op individuele aansoeke (vir elke kragstasie) of op die oorkoepelende aansoekproses.

As u op die konsepdokumente kommentaar wil lewer, kan u:

- Die ingeslote Kommentaarblad invul en aan NEC voorlê
- 'n Brief skryf of enige bykomende skriftelike voorlegging per e-pos of faks stuur; of
- Met NEC skakel by die kontakbesonderhede hieronder.

Stuur asb u kommentaar saam met u naam en kontakbesonderhede aan me Marissa Botha by die volgende besonderhede: Tel: 015 296 3988 / 084 226 5584 of stuur u kommentaar aan ons per e-pos aan botham@naledzi.co.za of per faks aan 015 296 4021. Stuur asb u kommentaar **voor of op Woensdag 16 Januarie 2019**.

UITNODIGING NA GESKEDULEERDE OPENBARE VERGADERINGS

Daar is verskeie openbare vergaderings geskeduleer om kommentaar op die konsepdokumente in te win. Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) sal 'n geleentheid kry om die projekspan te ontmoet, duidelikheid te kry en kommentaar op die oorkoepelende aansoek of individuele aansoeke te lewer. U word genooi om enige van die volgende geskeduleerde **Openbare Vergaderings** vir die projek by te woon:

DATUM	LOKAAL	TYD	Kragstasie
20 November (Din)	Kriel (Thubelihle-gemeenskapsaal)	09:00 – 11:00	Kriel-kragstasie Matla-kragstasie
20 November (Din)	Kriel (Volle Evangelie Kerksaal)	18:00 – 20:00	Kriel-kragstasie Matla-kragstasie
21 November (Woe)	Ogies (Nederduitse Hervormde Kerksaal)	11:00 – 13:00	Kendal-kragstasie
21 November (Woe)	Emalahleni-banketsaal (langs Stadsaal)	18:00 – 20:00	Kendal-kragstasie Duvha-kragstasie
22 November (Don)	Hendrina (Kosmossaal)	10:00 – 12:00	Hendrina-kragstasie Komati-kragstasie Arnot-kragstasie
22 November (Don)	Kwazamokuhle (AME-kerk)	15:00 – 17:00	

23 November (Vry)	Midrand (Eskom Academy of Learning, Syndicate Room)	11:00 – 13:00	Almal
26 November (Maa)	Vereeniging (Stadsaal)	18:00 – 20:00	Lethabo-kragstasie
27 November (Din)	Vereeniging (Sharpeville-gemeenskapsaal)	10:00 – 12:00	Lethabo-kragstasie
27 November (Din)	Zamdela (Harry Gwala-veeldoelsentrum)	16:00 – 18:00	Lethabo-kragstasie
28 November (Woe)	Ermelo (Ella du Bruyn-saal)	18:00 – 20:00	Camden-kragstasie
29 November (Don)	Amersfoort (NG Kerksaal)	11:00 – 13:00	Majuba-kragstasie

Die pad vorentoe

NEC sal die OD-verslag en die Kwessies- en Reaksiesverslag (KRV) opstel, waarin al die kommentaar en kwessies wat op openbare vergaderings geopper is en tydens die openbaredeelnameproses ontvang is, aangeteken en gekonsolideer sal word. Die voltooide OD-verslag en KRV sal saam met die aansoekdokumente aan die Nasionale Luggehaltebeampte voorgelê word vir goedkeuring. B&GP's sal van die voorlegging in kennis gestel word en sal toegang hê tot die finale dokumente wat op die NEC-webwerf geplaas sal word. B&GP's sal ook van die besluit van die Nasionale Luggehaltebeampte in kennis gestel word.

Dankie by voorbaat vir u deelname.

Vriendelike groete



Marissa Botha (Pri.Sci.Nat)
Omgewingsimpakbepalingspraktisyn
Vir **Naledzi Environmental Consultants Pty Ltd**
Fisiese adres: Marshallstraat 160, Polokwane, 0700
Posadres: Suite #320, Postnet Library Gardens, Privaat SakX 9307, Polokwane, 0700
Tel: 015 296 3988 Faks: 015 296 4021 Sel: 084 226 5584
E-pos: botham@naledzi.co.za